wat Homself vir ons sondes gegee het om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en so die wil van God ons Vader te volbring.
Aan God kom die heerlikheid toe tot in alle ewigheid!

Galasiërs 1:4-5



en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.

Galasiërs 2:20

LiefGodGrootliks.wordpress.com

Ons was dus onder die toesig van die wet totdat Christus sou kom, sodat ons deur te glo vrygespreek sou word.

Galasiërs 3:24

LiefGodGrootliks.wordpress.com

Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word.

Galasiërs 4:4 & 5

LiefGodGrootliks.wordpress.com

Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”

Galasiërs 5:14

LiefGodGrootliks.wordpress.com

Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel

Galasiërs 6:9

LiefGodGrootliks.wordpress.com